# ‘No alcohol’ when pregnant

**At 12,9% the prevalence rate of Fetal Alcohol Spectrum Disorders (FASD) in Jacobsdal is eight times higher than the world average.**

In 2019 South Africa – at 28,2% – had the highest reported FASD prevalence rate in the world. The worldwide rate is 1,5%. This is according to the Foundation for Alcohol Related Research (FARR).

To emphasise awareness on FASD, community members of Jacobsdal recently got the opportunity to commemorate International FASD Day, which was on 9 September.

Esmé Viljoen, FARR project coordinator, rang a bell, calling all presence to action in raising awareness on FASD.

Viljoen emphasised that pregnant women must abstain from the use of any alcohol during the full nine months of pregnancy.

Shamil Mahammad, principal of the Phambili School, called on men as fathers to support their pregnant partners to have alcohol-free pregnancies.

Ansie Botes, a teacher at the Ikanyegeng Combined School, shared the challenges faced by educators when teaching learners with FASD.

This part of the programme ended with the cutting of the traditional FARR cake.

After that, it was time for the famous Jacobsdal’s “Draadkar” Grand Prix which took place at Jakkies Opwaarts Sentrum, a centre for children and young adults with multiple disabilities.

Learners and teachers from four schools in the district gathered at the centre for the 90 m race, and 120 very excited learners participated, keeping the volunteer race officials, Patricia Mack (FARR community worker) and Viljoen, on their toes.

The racers competed in four age categories (Gr. R and Gr. 1, Gr. 2 and Gr. 3, Gr. 4 and Gr. 5, and Gr. 6 and Gr. 7), and in different divisions such as handmade “draadkarre”, ready-made models and the most original and creative models.

Despite of the heat and the dusty, uneven racing track, the competition was fierce and serious. The winner and two runner-ups in each category received a medal and a prize.

A total of 36 medals and prizes, sponsored by Aware.org and local small businesses. were handed over.

Viljoen thanks the small businesses for sponsorships, and Aware.org for a considerable contribution.

Visit the website farrsa.org.za for more information, or the Facebook page FARR.

– Adapted Helena Barnard



## Ready to reach out

**Mrs Northern Cape 2022 was crowned at the Kalahari Country Club in Kathu on 25 September. Rika Cloete won this title, with Carmen Bock (left) as first princess and Jo-mari Becker as second princess. Cloete says she has never taken part in this competition before. In June 2021 she participated in the Mrs Queen Pageant in Upington, which was a first for her. To establish a children’s home as a safe haven is one of her goals. She believes the title creates an important platform and gives women a voice to make a difference and to speak for those who cannot speak for themselves.** PHOTO: VAN VUUREN PHOTOGRAPHY

## New chief announced for Northern Cape



**Chief Jacob Bostander (right) was announced as the Paramount Chief of the Northern Cape by His Royal Majesty (HRM) Thomas Edgar Brown (1) on 2 October, who officially handed him the appointment letter. Chief Thomas Moss, the previous Paramount Chief, is now an elder for the Abbaqua San Royal House. The province’s management of the National Khoisan Kingdom was inaugurated in March 2021 after the Traditional and Khoisan Leadership Act came into effect on 1 April. This act acknowledges the Khoisan leadership.** PHOTO: SUPPLIED



**Mokala Manganese Mine, UMK and the Department of Health are embracing the Vuma Vaccination Weekends. Basi Marumo, SHEC manager at Mokala, approached the department for assistance to vaccinate Mokala’s employees during the first weekend in October. As it coincided with the commencing of the Vuma Vaccinations Weekends, Marumo was requested to involve the surrounding mines and 195 employees showed up for vaccination. More drives are planned, also to include the community.**

# Smerige dassie

Deur Joanne Bloch • Illustrasies deur Heidel Dedekind • Vertaal deur Anita van Zyl



Dumi Dassie lê op sy rug op ’n groot, plat rots, sodat sy wollerige maag in die son kan bak. Hy is byna aan die slaap toe hy ’n gegiggel hoor. Lui maak hy een oog oop. Twee klein dassies draf verby.

“FOEI!!!” sê een van hulle vir die ander een toe hulle veilig verby die rots is. “Daardie dassie ruik SLEG!” Hulle giggel nog toe hulle wegskarrel.

Dumi sug en klap na ’n vlieg wat om sy oor zoem. “Dis nie regverdig nie!” dink hy by homself. “Niemand verstaan my nie.”

En dis waar. Dumi ruik sleg, want hy is vuil. Hy is vuil, want hy bad nooit nie, maar niemand weet waarom nie. Die waarheid is dat Dumi bang is vir water. Eenkeer, toe hy nog ’n baba was, het hy kop eerste in ’n groot modderpoel geval. Dumi kon nie swem nie, maar gelukkig het sy ouboet hom aan sy agterbene uitgetrek. Sedert daardie dag kan Dumi dit nie verdra om naby water te kom nie. Wanneer die ander dassies elke oggend in die poel gaan was, sluip Dumi weg en gaan kruip in die bosse weg. Niemand kan hom sover kry om van plan te verander oor water nie – nie eens sy ma nie!

Die dae gaan verby – die somer is baie warm en dit reën nie. Dumi raak vuiler en vuiler. Sy pels is olierig en gekoek, en hy ruik aaklig. Om dit nog erger te maak, is daar ’n swerm vlieë wat hom agtervolg waar hy ook al gaan. Dumi hou natuurlik nie hiervan nie, maar hy maak of hy nie omgee nie.

Een oggend kom die oudstes van die dorp om met Dumi te praat. Hulle staan ver van hom af, en Dumi sien dat hulle hul neuse toeknyp en na hul asems snak.

“Ons is jammer, Dumi,” sê hulle, “maar soos jy weet, het dit lanklaas gereën. Daar is baie vlieë in die rondte. Vlieë hou van vullis, en omdat jy so smerig is, is die vlieë dol oor jou! Al hierdie vlieë gaan ons siek maak … Dit is beter dat jy weggaan uit die dorp.”

Arme Dumi! Hartseer sluip hy weg. Hy loop en loop. Die dag word warmer namate die son hoër in die blou lug opstyg. Dumi se kop voel swaar en sy voete is so seer! Uiteindelik voel hy hy kan nie ’n tree verder loop nie.

“Ek moet in die skaduwee kom!” sê hy, en kyk rond. Daar is nie baie bome in hierdie deel van die veld nie, maar hy sien ’n klein doringboom daar naby. Stadig hinkepink Dumi oor na die klein boompie toe. Hy gaan lê onder die boom en raak vas aan die slaap.

Ure gaan verby. Dumi slaap so vas dat hy nie die reënwolke in die lug sien saambondel nie. Die son verdwyn. Die lug word donker. Die lug raak koeler en koeler, maar nog steeds slaap die moeë dassie. Uiteindelik begin die reën neerplof.

Dumi word wakker. Vet reëndruppels spat oor sy hele lyf! In die dassiedorp skuil al die dassies onder die groot rotse teen die reën. Maar hier is daar nêrens vir Dumi om weg te kruip nie! Toe Dumi die eerste keer die reën sien en voel, skree en huil hy en rol homself in ’n klein wolballetjie op. “Help!” kerm hy. “Iemand help my!” Maar selfs die vlieë het padgegee, en Dumi is stoksielalleen.

Toe gebeur ’n vreemde ding. Terwyl die koel reën oor sy lyf stroom, besef Dumi dat dit lekker voel. Stadigaan bedaar hy, en na ’n rukkie waag hy dit selfs om sy oë oop te maak. “Die reën is mooi,” sê hy, “en dit laat die veld vars ruik!” Toe staan Dumi op en maak sy mond oop om die reëndruppels te drink. “Dit smaak ook lekker!” sê hy verwonderd. Hy is so bly dat hy sommer gou sy voet begin stamp en sy vingers klap.

Dis toe dat Dumi omdraai en al die pad tot by die dassie-dorp dans en sing: *“Die reën! Die reën! Ek’s dol oor die reën! Imvula! Imvula! Imvula!”*

Dumi kom teen sononder by die dorp aan. Nie een van die ander dassies sien hom nie – hulle skuil almal onder die groot rotse teen die reën. Dumi gee nie om nie. Hy is in elk geval gewoond daaraan om alleen te wees, en hy voel so gelukkig! Hy eet ’n paar blare vir aandete, kruip onder ’n bos in en raak weer vas aan die slaap.

Toe Dumi wakker word, het die reën opgehou en die dorp lyk skoon en vars. Toe die son opkom, verskyn ’n tapyt van helderpienk blomme.

“Sjoe!” sê hy en kyk om hom rond.

Net toe kom al die ander dassies na hom toe aangestap. Hulle is op pad na die poel toe om te gaan was. Hoe verbaas is hulle nie om die nuwe, skoon, vars Dumi te sien nie!

“Dumi! Wat het gebeur?” vra hulle almal en drom om hom saam. Maar in plaas daarvan om te praat, begin Dumi sy voet stamp en sy vingers klap … en gou dans en sing hy weer. Al die dassies val in, terwyl hulle koers kies na die poel toe: *“Die reën! Die reën! Ons is dol oor die reën! Imvula! Imvula! Imvula!”*



## Wees kreatief!

**Gee vir jou kinders groot velle papier en stel voor dat hulle prente teken van hoe Dumi Dassie oor water gevoel het aan die begin of aan die einde van die storie – of albei!**

**Hierdie storie is verskaf met die vriendelike vergunning van die Nal’ibali lees-vir-genot veldtog. Vir meer inligting oor die veldtog en om toegang tot kinderstories in al die Suid-Afrikaanse tale te verkry, gaan na www.nalibali.org of stuur ’n WhatsApp-boodskap met die woord “stories” aan 060 044 2254. Jy kan Nal’ibali ook op Facebook (@nalibaliSA) en Twitter (@nalibaliSA) vind. Nal’ibali – dit begin met ’n storie!**

Nal’ibali IT STARTS WITH A STORY